DIE PROVINSIE TRANSVAAL
THE PROVINCE OF THE TRANSVAAL

Buitengewone Offisiële Koerant
Official Gazette Extraordinary

Verkoopprys: **R1,30** ◇ Buitelands **R1,70**
Selling price: **R1,30** ◇ Other countries **R1,70**

Vol. 237 PRETORIA, 17 MAART / MARCH 1994 No. 4986

Plaaslike Bestuurskennisgewings

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1010

STADSRAAD VAN PRETORIA

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 4707

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 125 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), bekendgemaak dat die Stadsraad van Pretoria 'n wysigingskema met betrekking tot die grond in die dorp Wapadrand-uitbreiding 8, synde 'n wysiging van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Stadsklerk van Pretoria en die Departementshoof: Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria, in bewaring gehou en lê gedurende kantoorure ter insae.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 4707.

(K13/4/6/4707)
(K13/10/2/1124)

STADSEKRETARIS.

(Kennisgewing No. 146/1994)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1011

STADSRAAD VAN PRETORIA

VERKLARING VAN WAPADRAND-UITBREIDING 8 TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), verklaar die Stadsraad van Pretoria hierby die dorp Wapadrand-uitbreiding 8 tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

(K13/10/2/1124)

Local Authority Notices

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1010

CITY COUNCIL OF PRETORIA

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 4707

It is hereby notified in terms of the provisions of section 125 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that the City Council of Pretoria has approved an amendment scheme with regard to the land in the Township of Wapadrand Extension 8, being an amendment of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974.

Map 3 and the scheme clauses of this amendment scheme are filed with the Town Clerk of Pretoria and the Head of the Department: Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria, and are open to inspection during normal office hours.

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme 4707.

(K13/4/6/4707)
(K13/10/2/1124)

CITY SECRETARY.

(Notice No. 146/1994)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1011

CITY COUNCIL OF PRETORIA

DECLARATION OF WAPADRAND EXTENSION 8 AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), the City Council of Pretoria hereby declares the Township of Wapadrand Extension 8 to be an approved township, subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

(K13/10/2/1124)

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR JOHANNES WILLEM JANSE VAN VUUREN EN DAWSON AND FRASER (EIENDOMS) BEPERK, No. 73/14162/07 (HIERNA DIE DORPSEIENAARS GENOEM) INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DEEL C VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE No. 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP OP DIE RESTANT VAN GEDEELTE 264 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 130) VAN DIE PLAAS THE WILLOWS 340 JR, TRANSVAAL, EN GEDEELTE 292 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 130) VAN DIE PLAAS THE WILLOWS 340 JR, TRANSVAAL, TE STIG, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

1.1 NAAM

Die naam van die dorp is Wapadrand-uitbreiding 8.

1.2 ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG A6691/1993.

1.3 BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die regte op minerale, maar uitgesonderd—

1.3.1 die volgende serwituut wat slegs Erf 390 in die dorp raak:

Akte van Sessie van Serwituut K811/92 ten gunste van die Stadsraad van Pretoria, synde 'n rioolpyplynserwituut 2 m wyd soos aangedui deur die lyn AB op Kaart LG 8579/1991;

1.3.2 die volgende voorwaardes wat nie aan die erwe in die dorp oorgedra moet word nie:

(Onveranderd)

"GEDEELTE 125 van voormelde plaas 'n gedeelte waarvan hieronder getransporteer (hierna die "dienende eiendom" genoem) is onderworpe aan die volgende voorwaardes ten gunste van en afdwingbaar deur die Resterende Gedeelte van Gedeelte 116 van gesegde plaas groot as sulks 8,5662 hektaar (hierna die "heersende eiendom" genoem) soos gehou onder Akte van Transport Nommer 38289/1964 en daarin geskep:—

1.3.2.1 "Die eienaar van die heersende eiendom sal die reg hê om 'n strook 6,30 meter wyd, vanaf baken D, al langs die grens gemerk D.F. van die dienende eiendom soos aangetoon op Kaart L.G. No. A 5590/57, geheg aan Sertifikaat van Geregistreerde Titel No. 32180/1975 (hierna die Serwituutkaart genoem) te gebruik, met die doel om 'n boorgat of boorgate te laat sink en die water daaruit en uit die bestaande boorgat te lei deur middel van pype tot by die grens van die heersende eiendom met die reg van toegang op gemelde strook grond vir die doel om reparasies of onderhoud van die

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY JOHANNES WILLEM JANSE VAN VUUREN AND DAWSON AND FRASER (EIENDOMS) BEPERK, No. 73/14162/07 (HEREINAFTER REFERRED TO AS THE TOWNSHIP OWNERS) IN TERMS OF THE PROVISIONS OF PART C OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE No. 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON THE REMAINDER OF PORTION 264 (A PORTION OF PORTION 130) OF THE FARM THE WILLOWS 340 JR, TRANSVAAL, AND PORTION 292 (A PORTION OF PORTION 130) OF THE FARM THE WILLOWS 340 JR, TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1.1 NAME

The name of the townships shall be Wapadrand Extension 8.

1.2 DESIGN

The township shall consist of erven and streets indicated on General Plan LG A6691/1993.

1.3 DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of mineral rights, but excluding—

1.3.1 The following servitude which effects Erf 390 in the township only:

Servitude K811/92 in favour of the City Council of Pretoria, being a sewerage pipeline servitude 2 m wide as indicated by the line AB on Map SG 8579/1991;

1.3.2 the following conditions which shall not be transferred to the erven in the township:

(Unaltered)

"GEDEELTE 125 van voormelde plaas 'n gedeelte waarvan hieronder getransporteer (hierna die "dienende eiendom" genoem) is onderworpe aan die volgende voorwaardes ten gunste van en afdwingbaar deur die Resterende Gedeelte van Gedeelte 116 van gesegde plaas groot as sulks 8,5662 hektaar (hierna die "heersende eiendom" genoem) soos gehou onder Akte van Transport Nommer 38289/1964 en daarin geskep:—

1.3.2.1 "Die eienaar van die heersende eiendom sal die reg hê om 'n strook 6,30 meter wyd, vanaf baken D, al langs die grens gemerk D.F. van die dienende eiendom soos aangetoon op Kaart L.G. No. A 5590/57, geheg aan Sertifikaat van Geregistreerde Titel No. 32180/1975 (hierna die Serwituutkaart genoem) te gebruik, met die doel om 'n boorgat of boorgate te laat sink en die water daaruit en uit die bestaande boorgat te lei deur middel van pype tot by die grens van die heersende eiendom met die reg van toegang op gemelde strook grond vir die doel om reparasies of onderhoud van die pomp of pompe op die boorgate te doen of om kraglyne daarop te lê vir

pomp of pompe op die boorgate te doen of om kraglyne daarop te lê vir kragvoorsiening wat nodig mag wees vir die waterpompe. Die reg om boorgate te sink sal egter nie van toepassing wees nie op *daardie gedeelte van die strook grond* gemerk D.G. op gemelde serwituutkaart waaroor 'n serwituut van oorpad alreeds strek en die pype of kraglyne oor hierdie gedeelte van die strook moet minstens 0.63 meter ondergrond gelê word."

1.3.2.2 "Die eienaar van die heersende eiendom sal geregtig wees tot die water uit die bestaande boorgat geleë op die dienende eiendom tesame met die genot en gebruik van die bestaande pompinstallasie op die gemelde boorgat, maar die eienaars van die dienende eiendom sal nie aanspreeklik wees vir die onderhoud of reparasie van die boorgate of pompinstallasie nie."

1.3.2.3 "Die eienaars van die dienende eiendom *sal nie geregtig wees om enige boorgat* te sink binne 'n afstand van 31,49 meter vanaf die strook grond waarna melding van gemaak is in Voorwaarde 2.3.2.1 hiervan.".

1.3.3 Die volgende serwituut wat slegs Erf 390 en 'n straat in die dorp raak:

(Onveranderd)

"*SUBJECT FURTHER to a Servitude of Right* of Way in favour of the GENERAL PUBLIC registerd under No. 1289/1957-S dated 27th December, 1957, which Servitude is indicated on Diagram L.G. No. A5590/57 annexed to Certificate of Registered Title No. 32180/1957, by the figure G H C D G."

1.4 BEGIFTIGING

Betaalbaar aan die Stadsraad van Pretoria.

Die dorpseienaar moet aan die Stadsraad van Pretoria, as begiftiging, 'n totale bedrag van R61 200,00 betaal, welke bedrag deur die Stadsraad van Pretoria aangewend moet word vir die verkryging van grond vir park- en/of openbare-oopruimtedoeleindes.

Die genoemde begiftigingsbedrag is kragtens die bepalings van artikel 81 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), betaalbaar.

1.5 TOEGANG

Geen ingang van Provinsiale Paaie K34 en K69 tot die dorp en geen uitgang tot Provinsiale Paaie K34 en K69 uit die dorp word toegelaat nie.

Tensy die skriftelike toestemming van die Adjunkdirekteur-generaal: Paaie verkry is, moet geen ingang en geen uitgang tot Paaie K34 en K69 uit die dorp toegelaat word nie.

1.6 ONTVANGS VAN EN WEGDOEN MET STORMWATER

Die dorpseienaar moet die stormwaterdreinering van die dorp so reël dat dit inpas by dié van Paaie K34 en K69 en hy moet die stormwater wat van die pad afloop of afgelei word, ontvang en daarmee wegdoen.

kragvoorsiening wat nodig mag wees vir die waterpompe. Die reg om boorgate te sink sal egter nie van toepassing wees nie op daardie gedeelte van die strook grond gemerk D.G. op gemelde serwituutkaart waaroor 'n serwituut van oorpad alreeds strek en die pype of kraglyne oor hierdie gedeelte van die strook moet minstens 0.63 meter ondergrond gelê word."

1.3.2.2 "Die eienaar van die heersende eiendom sal geregtig wees tot die water uit die bestaande boorgat geleë op die dienende eiendom tesame met die genot en gebruik van die bestaande pompinstallasie op die gemelde boorgat, maar die eienaars van die dienende eiendom sal nie aanspreeklik wees vir die onderhoud of reparasie van die boorgate of pompinstallasie nie."

1.3.2.3 "Die eienaars van die dienende eiendom sal nie geregtig wees om enige boorgat *te sink binne 'n afstand van 31,49 meter* vanaf die strook grond waarna melding van gemaak is in Voorwaarde 2.3.2.1 hiervan.".

1.3.3 The following servitude which effects only Erf 390 and a street in the township:

(Unaltered)

"SUBJECT FURTHER to a Servitude of Right *of Way in favour of the GENERAL PUBLIC regis*terd under No. 1289/1957-S dated 27th December, 1957, which Servitude is indicated on Diagram L.G. No. A5590/57 annexed to Certificate of Registered Title No. 32180/1957, by the figure G H C D G."

1.4 ENDOWMENT

Payable to the City Council of Pretoria.

The township owner shall pay to the City Council of Pretoria as endowment a total amount of R61 200,00 which amount shall be used by the City Council of Pretoria for the acquisition of land for park and/or public open space purposes.

The said endowment amount shall be payable in accordance with the provisions of section 81 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986).

1.5 ACCESS

No ingress from Provincial Roads K34 and K69 to the township and no egress to Provincial Roads K34 and K69 from the township shall be allowed.

Unless the consent in writing of the Deputy Director-General: Roads has been obtained, no ingress from Roads K34 and K69 to the township and no egress to Road K34 and K69 shall be allowed.

1.6 RECEIVING AND DISPOSAL OF STORMWATER

The township owner shall arrange the stormwater drainage of the township in such a way as to fit in with that of Roads K34 and K69 and he shall receive and dispose of the stormwater running off or being diverted from the road.

1.7 VERSKUIWING EN/OF VERWYDERING VAN MUNISIPALE DIENSTE

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale dienste te verskuif of te vervang, moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

1.8 OPVULLING VAN BESTAANDE UITGRAWINGS

Die dorpseienaar moet, wanneer die plaaslike bestuur dit vereis, op eie koste die bestaande uitgrawings wat Erwe 388 en 389 raak tot tevredenheid van die Stadsraad van Pretoria laat opvul en kompakteer.

1.9 VERWYDERING VAN ROMMEL

Die dorpseienaar moet op eie koste alle rommel binne die dorpsgebied tot tevredenheid van die Stadsraad van Pretoria wanneer die Stadsraad van Pretoria dit vereis laat verwyder.

1.10 INGENIEURSDIENSTE

—Die dorpseienaar is verantwoordelik vir die installering en voorsiening van interne ingenieursdienste; en

—die Stadsraad van Pretoria is verantwoordelik vir die installering en voorsiening van eksterne ingenieursdienste.

—Die dorpseienaar moet, wanneer hy van voorneme is om Erf 390 van ingenieursdienste te voorsien—

1.10.1 elke ingenieursdiens wat vir Erf 390 voorsien moet word, ingevolge artikel 116 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, by ooreenkoms met die plaaslike bestuur klassifiseer as interne en eksterne ingenieursdienste; en

1.10.2 alle interne ingenieursdienste installeer en tot tevredenheid van die Stadsraad van Pretoria voorsien en vir hierdie doel moet die verslae, planne en spesifikasies soos vereis deur die Stadsraad van Pretoria, ingedien word.

1.11 BEPERKING OP DIE VERVREEMDING, TRANSPORTERING EN ONTWIKKELING VAN ERF 390 IN DIE DORP

Die dorpseienaar mag Erf 390 in die dorp nie verkoop, verruil, vervreem, van die hand sit of ontwikkel nie en oordrag van die erf word nie toegelaat nie tot tyd en wyl die interne ingenieursdienste vir die erf deur die dorpseienaar tot tevredenheid van die Stadsraad van Pretoria geïnstalleer en voorsien is of, alternatiewelik, reëlings tot die Stadsraad van Pretoria se tevredenheid vir die nakoming van die dorpseienaar se verpligtinge in dié verband getref is en Serwituut No. 1289/57 S ten opsigte van Erf 390, gekanselleer is.

2. TITELVOORWAARDES

2.1 DIE ERWE HIERONDER GENOEM, IS ONDERWORPE AAN DIE VOORWAARDE SOOS AANGEDUI, OPGELÊ DEUR DIE STADSRAAD VAN PRETORIA INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE No. 15 VAN 1986):

2.1.1 **Alle erwe**

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut, 2 m breed, vir munispale dienste (water/riolering/elektrisiteit/stormwater) (hierna "Die

1.7 REMOVAL OR REPLACEMENT OF MUNICIPAL SERVICES

Should it become necessary to remove or replace any existing municipal services as a result of the establishment of the township, the cost thereof shall be borne by the township owner.

1.8 FILLING IN OF EXISTING EXCAVATIONS

The township owner shall, when required to do so by the local authority, at his own expense have the existing excavations, affecting Erven 388 en 389 filled in and compacted to the satisfaction of the City Council of Pretoria.

1.9 REMOVAL OF LITTER

The township owner shall at his own expense have all litter within the township area removed to the satisfaction of the City Council of Pretoria, when required to do so by the City Council of Pretoria.

1.10 ENGINEERING SERVICES

—The township owner is responsible for the installation and provision of internal engineering services; and

—the City Council of Pretoria is responsible for the installation and provision of external engineering services.

—The township owner shall, when he intends to provide Erf 390 of engineering services—

1.10.1 classify each engineering service which must be provided for Erf 390 in terms of section 116 of the Town-Planning and Townships Ordinance, 1986, by agreement with the local government as internal and external engineering services; and

1.10.2 install and provide all engineering services to the satisfaction of the City Council of Pretoria and for this purpose, the reports, plans and specifications as required by the City Council of Pretoria, must be submitted.

1.11 RESTRICTION ON THE ALIENATION, TRANSPORTATION AND DEVELOPMENT OF ERF 390 IN THE TOWNSHIP

The township owner is not allowed to sell, exchange, alienate or dispose of or develop Erf 390 and transportation of the erf will not be allowed until such time as the internal engineering services for the erf have been installed and provided by the township owner to the satisfaction of the City Council of Pretoria or, alternately, arrangements to the satisfaction of the City Council of Pretoria have been made for the fullfilment of the township owner's obligations in this regard and Servitude No. 1289/57 S in respect of Erf 390, has been cancelled.

2. CONDITIONS OF TITLE

2.1 THE ERVEN MENTIONED BELOW SHALL BE SUBJECT TO THE CONDITION AS INDICATED, LAID DOWN BY THE CITY COUNCIL OF PRETORIA IN TERMS OF THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE No. 15 OF 1986):

2.1.1 **All erven**

(a) The erf shall be subject to a servitude, 2 m wide, for municipal services (water/sewerage/electricity/stormwater) (hereinafter reffered to as "The Services"),

Dienste" genoem), ten gunste van die Stadsraad van Pretoria langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes, 2 m breed, oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer die plaaslike bestuur dit verlang: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(b) Geen geboue of ander strukture mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(c) Die Stadsraad van Pretoria is daarop geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke wat hy na goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op grond wat aan die voornoemde serwituut grens, en voorts is die Stadsraad van Pretoria geregtig op redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die Stadsraad van Pretoria enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke veroorsaak word.

in favour of the local authority, along any two boundaries, excepting a street boundary and, in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes, 2 m wide, over the entrance portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may waive any such servitude.

(b) No buildings or other structures may be erected within the aforesaid servitude area and no trees with large roots may be planted within the area of such servitude or within a distance of 2 m from it.

(c) The City Council of Pretoria shall be entitled to temporarily deposit on the land adjoining the aforesaid servitude, any material it excavates during the laying, maintenance or removal of such services and other works which in its discretion it regards necessary, and furthermore the City Council of Pretoria shall be entitled to reasonable access to the said property for the aforesaid purpose, subject to the provision that the City Council of Pretoria shall make good any damage caused during the laying, maintenance or removal of such services and other works.

WEERBURO

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE

WêRELD WEERKUNDIGE DAG

23-3-94

WEATHER BUREAU

DEPARTMENT OF ENVIRONMENT AFFAIRS

WORLD METEOROLOGICAL DAY

23-3-94

INHOUD

No.		Bladsy No.	Koerant No.
	PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWINGS		
1010	Stadsraad van Pretoria: Pretoria-wysigingskema 4707	1	4986
1011	do.: Verklaring tot goedgekeurde dorp: Wapadrand-uitbreiding 8	1	4986

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	LOCAL AUTHORITY NOTICES		
1010	City Council of Pretoria: Pretoria Amendment Scheme 4707	1	4986
1011	do.: Declaration as approved township: Wapadrand Extension 8	1	4986

Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria

Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the Transvaal Provincial Administration, Pretoria